e-Hervormer

Weeklikse nuusbrief met kommunikasie en kommentaar

29 September 2011
Jaargang 4 – Uitgawe 33

In hierdie uitgawe

- Voorblad
- Predikante en gemeentes
- Ander nuus
- Kommentaar
- Agterblad

Teken in op die *e-Hervormer* en ontvang elke uitgawe gratis per e-pos!

- Stuur 'n e-pos aan **karen@nhk.co.za**

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan **produksie@nhk.co.za**

VOORBLAD

'n Pastorale perspektief op die gebeure in die Kerk

In die 41 jaar dat ek in verskillende hoedanighede as predikant in die Hervormde Kerk gedien het, was daar al vele woelinge en meningsverskille, maar nog nooit was daar soveel verdeeldheid, verdagmakery en vyandigheid as wat tans aan die gebeur is nie.

Die afgelope tyd is baie oor hierdie verdeeldheid geskryf in 'n poging om ons almal in die Kerk tot besinning te roep. In die aanloop tot die Buitengewone Algemene Kerkvergadering (AKV) neem die intensiteit van die verdeeldheid egter toe.

Vanuit 'n pastorale perspektief beskou, kan ons dalk klarigheid kry oor wat besig is om met ons te gebeur. Die beëindiging van die apartheidsbedeling in 1994 is deur die meeste van ons as 'n groot verlies ervaar. Die Afrikaner het sy vryheid en politieke seggenskap verloor. Sommige sê selfs dat ons ons vaderland verloor het en nie meer 'n tuiste het nie. Baie mense het hul werk verloor. Ouers het hul kinders wat geëmigreer het, 'verloor'. Jongmense het hul ideale en drome oor die toekoms in ons land verloor. Ons het ons veiligheid en sekuriteit verloor.

'n Traumatiese verlies in 'n mens se lewe lei noodwendig tot 'n treur- of rouproses. Pastoraal gesien, beleef mens in die verwerking van verlies verskillende emosionele ervarings: skok en ontkenning; 'n fase van kontrole om beheer in die situasie te behou; regressering en 'n nostalgiese verlange na die verlede wat gepaard gaan met emosies van aggressie en moedeloosheid. As jou man of vrou te sterwe gekom het, sal 'n mens in hierdie fase al die mooi en goeie dinge onthou. Jy vergeet van die moeilike tye wat daar was. Die voltooiing van die rouproses bring jou by 'n fase van heraanpassing waar jy die harde feite van die werklikheid in oënskou moet neem en jou binne die nuwe realiteite moet heroriënteer.

As lidmate van die Hervormde Kerk beleef ons verskeie emosies wat deel is van die rouproses. Soos in die geval van die afsterwe van 'n geliefde, is die fase van regressering en die nostalgiese verlange na die verlede 'n hanteringsmeganisme waarmee jy eintlik die werklikheid probeer ontvlug. Eksterne gebeure in ons land laat telkens weer hierdie emosionele ervarings opvlam.

Natuurlik het die Afrikaner goeie dae onder die vorige bedeling beleef, maar ons het ook foute gemaak. Ons kan egter nie langer bly regresseer in die verlede nie. Die treurproses word eers afgehandel as ons die nuwe werklikheid in die oë staar en met heroriëntering begin. Miskien moet ons, op pad na die komende AKV, die woorde van die Prediker in gedagte hou: *Moenie sê in die ou dae was dit beter as nou nie; dit is nie uit wysheid dat 'n mens so sê nie* (Pred 7: 10). Die Prediker wil ons juis waarsku dat ons so vasgevang kan word deur 'n terugverlange na die verlede dat dit ons verlam en daartoe lei dat ons die geleenthede en uitdagings van die toekoms nie aangryp nie.

Die apartheidsbedeling is al 17 jaar lank dood en begrawe. Die groot uitdaging is nou om na die realiteite om ons te kyk en saam te besin oor hoe ons as Hervormde Kerk ons roeping in hierdie nuwe werklikheid ten beste kan uitleef. Dit vra dat ons as gelowiges mekaar met begrip, respek en liefde sal behandel en tot versoening sal kom. Kom ons bid en hoop dat ons by hierdie AKV, al is dit ook hoe pynlik, die treurproses kan afsluit en met 'n nuwe hoofstuk in die geskiedenis van ons Kerk kan begin. Die liefde en vergewing wat Jesus Christus aan ons bewys, dring ons om dit ook aan mekaar te bewys.

Prof Theuns Dreyer

Skakels

Webblad van die Hervormde Kerk **www.nhk.co.za**
Die Hervormer **www.hervormer.co.za**
e-Hervormer **www.hervormer.co.za/e_Hervormer.html**

Indien u nie weer die *e-Hervormer* wil ontvang nie, kliek op **www.hervormer.co.za/cancel.html**

PREDIKANTE EN GEMEENTES

Daar sal nie 'n uitgawe van die *e-Hervormer* op Donderdag 6 Oktober wees nie, as gevolg van die Buitengewone AKV van 4 en 5 Oktober en die Nasionale NHSV Kongres van 6, 7 en 8 Oktober. Terugvoer oor die AKV sal deurlopend op die Kerk se webblad en Facebook-blad beskikbaar wees.

Ds Leslie Kern

- **Ds Nardus Enslin** van Gemeente Rustenburg-Kloof **se suster** het op 24 September ernstige beserings in 'n motorongeluk opgedoen. **Haar dogter, Melinda,** is in die ongeluk oorlede. Ds Nardus sou Melinda op 26 November in die huwelik bevestig het, maar het uiteindelik die begrafnisrede gelewer. Ons innige simpatie gaan aan die familie.

- **Ds Leslie Kern** word op Sondag 9 Oktober om 10:00 deur sy vader, ds Paul Kern, in **Gemeente Ebenhaézer in Ellisras** bevestig. Ds Leslie was sedert 2008 predikant in Delareyville en sedert 2009 in die Kuruman-kombinasie.

- **Gemeente Pietermaritzburg** benodig predikante om een of meer **eredienste** te lei gedurende **Oktober, November en Desember**. Kontak ds Frans Ras by 082 416 3922 of **fhras@worldonline.co.za**, of Ilze Vorster by 082 302 2569 of **nhkpmb@gmail.com**.

- **Die volgende predikante verjaar tot 14 Oktober**, en word hartlik geluk gewens.
  - Donderdag 29 September: Ds Buddie Dupper (Piet Retief-kombinasie)
  - Vrydag 30 September: Di Jan Schroeder (emeritus) en Mariëtte van der Berg (buiteland)
  - Sondag 2 Oktober: Prop Hendrik Breytenbach (studieverlof) en ds Charel van der Berg (Ladysmith)
  - Maandag 3 Oktober: Prof Bart Oberholzer (emeritus) en ds Piet van der Merwe (Zoutpansberg)
  - Dinsdag 4 Oktober: Ds Schalk Kok (Potchefstroom-Noord)
  - Woensdag 5 Oktober: Ds Leon Janse van Rensburg (Namibkus)
  - Donderdag 6 Oktober: Di Etienne Verhage (Bellville) en Frikkie Viljoen (Verwoerdburg)
  - Vrydag 7 Oktober: Dr Paul de Beer (emeritus)
  - Saterdag 8 Oktober: Prof John Gericke (emeritus) en dr Willie Strydom (Johannesburg-Suid/Eikenhof)
  - Sondag 9 Oktober: Dr Wim Dreyer (apostolaat en UP) en ds Sakkie Meyer (emeritus)
  - Dinsdag 11 Oktober: Ds Hennie Breedt (emeritus)
  - Woensdag 12 Oktober: Di Gert Macdonald (Nelspruit), Barrie Oberholzer (Zeerust) en Milankie van der Walt (Namib-Suid)
  - Donderdag 13 Oktober: Di Andries Alberts (emeritus) en Elmien Oosthuizen (Polisiekapelaan)
  - Vrydag 14 Oktober: Dr Adriaan Neele (buiteland)

- Teken voor die einde van Oktober per SMS in op *Konteks*, en **wen 'n gratis webblad vir die gemeente!** Die gemeente wat gedurende Oktober die meeste SMS-intekeninge vir *Konteks* 2012 stuur, wen 'n gratis webbladontwerp van Delitech IT solutions (**www.delitech.co.za**). *Konteks* kos in 2012 R140 vir 10 uitgawes, en intekenaars se volkleurtydskrifte word maandeliks na die gemeente-adres gepos. Teken in deur 'n SMS met die volgende formaat na 45633 te stuur: "NHK Gemeentenaam Intekenaar" (bv NHK Philadelphia GJ du Toit). Let daarop dat elke SMS met NHK (in hoofletters) móét begin. Elke SMS kos R1,50. Die gemeente wat die gratis webblad wen, sal aan die begin van November in die *e-Hervormer* aangekondig word.

- Die **Raad vir SENTIK** se vergadering wat oorspronklik vir Maandag 10 Oktober geskeduleer is, vind op **Maandag 24 Oktober** om 09:00 in die Raadsaal van die Dirk van der Hoffgebou plaas.

- Van **SENTIK se ouer publikasies** is onlangs afgeskryf – dit sluit van die vorige kategeseboeke in. Besoekers en afgevaardigdes na die Buitengewone AKV kan van die gratis boeke by die Sinodale Kerkkantoor kom afhaal. Kontak dr Wouter van Wyk by **wouter@nhk.co.za** vir meer inligting.

- In die Januarie/Februarie 2011-uitgawe van *Konteks* het 'n bylaag oor die **SP Engelbrecht-museum** verskyn. Die Kerkargief benodig ekstra kopieë van dié uitgawe en spesifiek van die **bylaag** wat oor die Kerkmuseum gehandel het. Indien gemeentes of lidmate ekstra uitgawes van hierdie *Konteks* het en dit wil skenk aan die SP Engelbrecht-museum, sal dit baie waardeer word. Ons wil die bylaag gebruik om verdere bekendstelling van die Museum te doen. U kan met die argivaris, mnr Nándor Sarkady, in verbinding tree by **argief@nhk.co.za** of 012 322 8885 x204. Indien iemand uitgawes wil afgee, kan dit by die Sinodale Kerkkantoor gedoen word in die Argief, of tydens die komende AKV gegee word aan dr Christo Pretorius.

- **46ste Nasionale NHSV Kongres 6 tot 8 Oktober 2011.** Die volgende **kunstenaars** sal die Kongresgangers op die **openingsaand** vermaak: Pieter van den Berg (orrel) met Craig Herwill (doedelsak) en Lize-Marié van Dyk (viool); Carmi Nel (viool) en Annalien Ball (klavier); Elmien Botha (monoloog); Cecilia van Tonder en Tersia Knobel (sang). Enige navrae kan aan die NHSV kantoor by 012 325 0117 gerig word.

- **NHSV beurse en lenings 2012.** Die NHSV beskik oor beurse/lenings vir studente in enige studierigting. Slegs lidmate van die Nederduitsch Hervormde Kerk kwalifiseer vir die toekennings. Die lenings/beurse wissel van R2 000 tot R6 000. Aansoekvorms kan aangevra word van 012 325 0117 of **nhsvadmin@nhk.co.za**. Besoek ook die webwerf **www.nhsv.co.za**. Die sluitingsdatum vir aansoeke is **15 November 2011**. **Geen laat aansoeke word aanvaar nie.** Kontak die NHSV kantoor vir meer inligting.

- Die **Voortgesette Teologiese Toerusting vir Predikante** (VTT) vind op **Dinsdag 8 en Woensdag 9 November** plaas. Die tema is *Toekoms, Kerk en waagmoed*. Die kursus, wat om 09:00 begin, word by Gemeente Wapadrant aangebied en die koste beloop R300 per persoon. Stel mev Betsie Brits asseblief **voor 25 Oktober** in kennis indien u die kursus wil bywoon: per e-pos by **betsie.brits@up.ac.za** of per faks by 012 420 4303.

U word vriendelik versoek om die registrasiefooi vooraf elektronies of per bank-deposito te betaal. Die bankbesonderhede is soos volg:
Kerkgeld vir Kerkwerk
ABSA
Rekening nr 020 149 752
Kode nr 63 20 05
Verwysing: 2013K VTT gevolg deur die naam van die kursusganger

- **TOEGEPASTE BERADINGSKOLE VIR LERAARS EN TEOLOGIESTUDENTE**
  Gedurende November
  Kry 5 dae se beradingsopleiding in bedieningspraktyk
  Verdiep jou vermoë om gemeentelede met berading te ondersteun
  Aangebied deur Applied Counselling and Development Institute of SA
  Stuur e-pos na **contact.acdisa@gmail.com** vir meer inligting

- **Gemeente Carolina** vier gedurende November hul **75-jarige bestaan** en gee in 2012 'n **Feesblad** uit. Oudlidmate en ander betrokkenes met foto's en staaltjies oor die gemeente se wedervaringe die afgelope 75 jaar kan die gemeente se voormalige predikant, ds Hennie Louw, **nog tot einde September** by 084 508 7849 kontak. E-pos- en ander besonderhede sal dan aan u voorsien word.

Konserte en feeste

- **Vrydag 14 Oktober: Gemeente Bronkhorstspruit: Orreluitvoering**
  Dié orrel is vanjaar 40 jaar oud!
  Kom luister na die pragtige klanke van hierdie 3-manuaal orrel
  Orrelis prof Wim Viljoen
  Kerkgebou, Charl Celliersstraat, Bronkhorstspruit
  19:00
  Toegang gratis
  Kontak Gerda Theunissen by gemeentekantoor 013 932 2929
  of orrelis Wilma Pretorius by 013 932 0720 of 082 806 1627

- **TRANQUILLO TRIO**
  Orrel/ tjello, altviool en fluit
  Beskikbaar vir optredes tydens eredienste, troues, funksies
  Desember 2011 en Januarie 2012
  Vir navrae: Friena Maritz by 082 471 1825 of **friena@netactive.co.za**

- **Sondag 30 Oktober 17:00: Gemeente Wesmoot: Saamsingfees**
  Saam met Hendrik en Marinda
  Kerkgebou, hv Hjalmer- en Attiestraat, Booysens
  Toegang gratis
  Navrae aan ds Fanie Beukes by 012 377 3736 of **faniebeukes@yahoo.com**

- **ALLEN KERKORRELS**
  Na 40 jaar van digitale klank –
  steeds die leier in orrelbou
  Skakel ons vandag vir 'n gratis demonstrasie
  Tel 012 991 4930
  Faks 086 667 4680
  Sel 079 497 2647
  E-pos: **pieter@allensa.co.za**

Sportbyeenkomste

- **Vrydag 14 Oktober: Gemeente Bronkhorstspruit: Gholfdag**
  Bronkhorstspruit Gholfklub
  4-bal beterbal met ’n *scramble*-dryf
  Afslaan 11:00 met ’n *gunshot*-begin
  R250 per speler
  Borg ’n putjie teen R2 000 vir 4 spelers en adverteer u produk/besigheid
  Groot pryse te wen
  Kontak Attie Botha by 083 627 4263

Kompetisies en fondsinsamelings

- **NHSV Warmbad: Lentetee: Saterdag 1 Oktober**
  10:00
  Warmbad Dienssentrum
  R50 per persoon
  Die fondse uitsluitlik vir versorging van behoeftige kinders
  van Laerskool en Hoërskool Warmbad
  Kontak mev Amanda Liebenberg by 071 877 6640

- **Gemeente Johannesburg-Wes: Witolifantveiling: Saterdag 1 Oktober**
  Registrasie begin om 09:00
  Skilderye en mosaïek; rugby-gedenkdasse; 1995 Wêreldbeker versamelaarswyn
  Orrel; wasmasjiene en tuimeldroërs
  Selfone; lessenaar; rekenaars en skerms
  ’n Nr 44-trourok
  Te veel om te noem!
  Verversings en drinkgoed te koop
  Kontak Wouter en Annelize de Jong by 011 476 6504 of 082 821 7119

- **Gemeente Hartebeeshoek: Fonteinedal Lenteloop: 29 Oktober**
  Hekke open 06:00 en ons begin 07:00 stap
  Bring jou man, kind, vriende en beste vriend aan ’n leiband saam
  Kaartjies: 5km R20 en 10km R25
  Prystrekking met kontantpryse
  Te koop: vetkoek en maalvleis; pannekoek; koffie, tee en koeldrank
  Kontak Elma Williams by 082 562 5244
  of Estelle Bezuidenhoudt by 072 882 9922

- **WOONSTELLE BY UNIVERSITEIT VAN PRETORIA**
  Twee woonstelle te koop
  Stapafstand van die Universiteit van Pretoria, kerke en winkelsentrums
  Ten volle toegerus met yskas, wasmasjien, stoof, mikrogolfoond, ens
  Eie parkeerplek agter sekuriteitsheining met 24-uur-sekuriteit
  Skakel Johan de Beer by 082 923 0877

Basaars en markte

- **Vrydag 30 September tot Sondag 2 Oktober: Gemeente Zeerust**
  Bosrumoer MTB Classic
  Doornrivier, 9 km op Gaberone-pad R49
  Vrydag Oktober-Bierfees
  Saterdag kwadfiets- en pypkar-wedrenne, kompetisies, vermaak en kos
  Akkommodasie beskikbaar
  Navrae aan ds Barrie Oberholzer by 082 211 7926 of **barendob@gmail.com**
  of Joe Salim by 079 857 2478 of **jmsplanning@gmail.com**

- **Saterdag 29 Oktober: Gemeente Kruin: Lekker Karnaval**
  hv Steinmann- en CR Swart-straat, Wilropark, Roodepoort
  Al die tradisionele basaarlekkernye
  Met groot **POTJIEKOSKOMPETISIE**
  Almal welkom
  Navrae aan Poppie J van Vuuren
  011 768 6831 (08:00 tot 13:00) of 083 293 2718

- **Saterdag 17 Desember: Gemeente Wesmoot: Christusfeesmark**
  By Makro Wonderboom
  Stalletjies teen R200 – bespreek nou reeds
  Kontak Carla Greyling by 082 376 9239
  Met Lance James, Rodeo Girls, Hendrik Britz en Miranda
  Toegang gratis

- **Saterdag 28 Januarie 2012: Gemeente Nelspruit**
  Maroelafees en Buitelewe-ekspo
  Beplan nou reeds!
  By Nelspruit Rugbyklub
  In hoogseisoen van die maroela
  Van 08:00 tot laatmiddag
  Toegang gratis
  Gesinsvermaak
  Verskeie maroelaprodukte, geregte, resepteboeke te koop
  Uitstallings van woonwaens, tente, kampeertoerusting, veldvoertuie, kragopwekkers
  Kontak gemeentelike kerkkantoor by 013 741 1455 vir meer inligting

ANDER NUUS

- Prof Andries van Aarde, voorsitter van die **To Care Foundation**, het van Maandag 26 tot Woensdag 28 September die bekendstelling van die Noord-Kaap Gemeenskapsprojek in Kimberley bygewoon. Ds Hennie Pretorius (deesdae van Gemeente Bothaville) en die Ringsdiakensvergadering van Noord-Kaap het vroeër die inisiatief geneem om ’n merkwaardige gemeenskapsprojek te begin waarby verskeie organisasies, maatskappye en ook die Sol Plaatje Munisipaliteit betrokke is. To Care speel ’n sleutelrol om verskillende rolspelers te betrek en befondsing te bekom vir hierdie groot gemeenskapsprojek. Soortgelyke projekte waarby **To Care en Ringsdiakensvergaderings** in ander dele van die land betrokke is, word reeds beplan. Meer inligting oor To Care en inligting met die oog op bydraes en donasies is beskikbaar by **www.tocare.co.za**.

- **Die Ondersteuningsraad beskik oor die volgende vakatures**:
  - Programbestuurder; mimimum 6 jaar statutêre ervaring in maatskaplike werk; vorige bestuurservaring sal ’n aanwins wees; area Rustenburg/Potchefstroom/ Klerksdorp
  - Maatskaplike Werkers (x3); areas Tarlton, Krugersdorp en Brakpan
  - Maatskaplike Hulpwerkers; areas Krugersdorp, Klerksdorp en Vanderbijlpark

  Vereistes: Registrasie by Raad vir Maatskaplike Diensberoepe; Kode 8-bestuurslisensie. Kontak Mariaan Steenkamp by **mariaans@nhk.co.za** of Charmaine Fourie by **oraadpb@nhk.co.za**, 012 322 8885 x313 of 071 684 7796.

Advertensies waarvan ’n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin ’n gemeente ’n projek prominent wil bekendstel, kan in die *e-Hervormer* geplaas word. Dit bestaan hoofsaaklik uit teks (u kan eenvoudige grafika of ’n foto voorsien), maar daar sal nie onderhandel word oor die uitleg daarvan nie. Die teks moet saam met die bewys van betaling gestuur word aan mev Tessa Oppermann,

per e-pos na **produksie@nhk.co.za**, of per faks na 086 633 4059 of 012 322 7906. GEEN advertensie sal geplaas word sonder dié bewys nie. Die teks en bewys van betaling moet mev Oppermann bereik teen 16:00 op die Dinsdag voor die betrokke uitgawe se verskyning. Die *e-Hervormer* word Woensdae saamgestel en verskyn elke Donderdag. Indien die plasing meer as een keer moet geskied, moet aangedui word op watter datums dit moet verskyn, met betaling vooruit vir al die beoogde plasings. **Die koste is R114 per plasing**. Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan:
Raad van Finansies
ABSA Bank
Tjekrekening nommer 020-000-287
Takkode 632-005
Verwysing: u naam + e-Hervormer Ads

KOMMENTAAR

Lesers kan kort kommentaar **(uiters 100 woorde)** stuur aan **produksie@nhk.co.za**. Langer bydraes sal nie geplaas word nie, en moet eerder na die gespreksforum van die Kerk se webblad by **www.nhk.co.za** gestuur word. Anonieme bydraes word ook nie gebruik nie. Die finale besluit oor plasing in die *e-Hervormer* berus by die redakteur.

“Dankie aan ds Hannes van der Merwe vir sy artikel oor God se stem in die stilte (8 September). Dit was ’n uitstaande voorbeeld van suiwer evangelieverkondiging. As belydende lidmaat van die NHK, en in ’n tydperk waarin die Kerk geweldige turbulensie ervaar, sal ek ’n pad kan stap saam met hierdie predikant. Ek was nog nooit skaam vir my Kerk nie en wil graag behoudend bly. Jul geagte geleerdes moet asseblief nie die Kerk waarin my ouers my grootgemaak het opmors nie – daar was nog altyd verskil tussen mense en so sal dit bly.” *(Verkort)*

Carl Barnardt

“Daar is ook geen alchemie wat Besluit 54 kan verhef bo die feit dat daar geen ander manier is om gered te word nie behalwe om te bely dat Jesus die Here is en te glo dat God Hom uit die dood opgewek het. Daarsonder is jul evangelie dood en sonder betekenis. Wat het apartheid daarmee te make? Ons was ’n volkskerk vir die Afrikaner (Geloftevolk) met ’n eie kultuur en persoonlikheid wat ons ook aan ander gegun het. Niemand kan ’n gelofte verbreek wat aangegaan is met God nie. Moet ons bely dat ons daarin verkeerd was?” *(Verkort)*

Carl Barnardt

AGTERBLAD

Kerkbybel



SENTIK het pas ’n besending Kerkbybels (nie-luukse uitgawe) ontvang, nadat die Kerkbybel lank nie beskikbaar was nie.

Dit is die 1983 Nuwe Afrikaanse Vertaling, met die Liedboek in grootdruk en die Belydenisskrifte agterin. Die prys van die Bybel sal van Januarie af R200 wees – dit is nou nog teen die baie billike prys van R140 beskikbaar. ’n Standaarduitgawe van die Liedboek kos tans R130!

*** Die Kerkbybel is teen **R140** (posgeld uitgesluit) van mev Susann van Zyl van SENTIK se boekwinkel beskikbaar. Kontak mev Van Zyl by 012 322 8885 x291, faks 086 633 4054 of e-pos **sentik@nhk.co.za**.

Redakteur: Dr Gerhard Lindeque
Subredakteur: Dr André Ungerer
Kerknuus: Drr Frikkie Labuschagne en Wouter van Wyk
Teksversorger: Mev Tessa Oppermann
Uitlegkunstenaar: Mej Izelle Marx